UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot·your knowledge partner

BELEID: GEÏNTEGREERDE BESTUUR VAN VOLHOUBAARHEID

Soos goedgekeur deur die Raad van die Universiteit Stellenbosch op 29 November 2010

A. DOEL

Die Beleid vir die Geïntegreerde Bestuur van Volhoubaarheid het ten doel om:

1. Die Universiteit te verbind tot 'n gedeelde siening van volhoubaarheid;
2. Die beginsel te vestig van 'n geïntegreerde raamwerk met behulp waarvan kampusaktiwiteite t.o.v. volhoubaarheid gerig en gekoördineer kan word; en
3. As basis te dien vir die Operasionaliserings- en Kommunikasieplan vir Volhoubaarheid.

B. KONTEKS

Die Universiteit se verbintenis tot volhoubaarheid, soos sy verbintenis tot studente-, personeel- en navorsingsukses, spruit voort uit die US se missie, nl.

"*Die bestaansdoel van die Universiteit van Stellenbosch is om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word.*"

Die Universiteit se unieke ligging op die ekologies sensitiewe vloedvlakte van die Eersterivier en sy eiendom aan die voetheuwels van die Stellenboschberg, met 'n besef van die verantwoordelikhede wat hiermee gepaard gaan, versterk hierdie verbintenis. Dit vind verdere praktiese uitvoering in die Universiteit se strewe om "'n bouer van hoop" te wees deur die wetenskap aan te wend om van die taaiste probleme in ons land en op die kontinent aan te pak en so nuwe kennis te ontsluit om gemeenskappe toe te rus om hul wêreld te verander.

Die Universiteit het hom ook verbind tot die bereiking van die Millenium Ontwikkelingsdoelwitte, in hierdie geval spesifiek "die handhawing van 'n ewewig tussen 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende nywerheid".

C. DEFINISIE

Volhoubaarheid is die **vermoë om** in huidige lewensbehoeftes te voorsien, en om lewenskwaliteit te verhoog en te ontwikkel **sonder** 'n toename in die gebruik van materiaal en energie wat meer is as wat die huidige ondersteunende sisteme kan dra. Die ondersteunende sisteme kan ook sodanig **hernuwe** word dat toekomstige geslagte se vermoë om aan húlle lewensbehoeftes te voldoen, en lewenskwaliteit te verhoog

en te ontwikkel, nie benadeel nie.[1] Daar is dus 'n **balans** wat oor meer as een generasie strek tussen die natuur (ekologie), mense (gemeenskap of sosiale netwerke) en die ekonomie.

D. UITGANGSPUNTE

Die Universiteit Stellenbosch:

1. Stel hom ten doel om **leiers van die 21ste eeu** af te lewer wat die begrip, ingesteldheid, gewoontes en vaardighede het om volhoubaarheid in hulle eie lewens, hulle werk en gemeenskappe te integreer;
2. Verbind hom tot **deurlopende aksie** om volhoubaarheid sinvol binne al sy aktiwiteite, hetsy onderrig, navorsing, gemeenskapsinteraksie en bedryf, te integreer;
3. Strewe daarna om al sy **hulpbronne** gebalanseerd te bestuur, met die besef en erkenning van die ineengeweefdheid van die ekologiese, sosiale en ekonomiese stelsels;
4. Gee erkenning aan die **uniekheid** van die Universiteit as 'n dorpsuniversiteit binne 'n unieke landskap wat 'n rivier en 'n fynbos bioom insluit.
5. Strewe na **volhoubaarheidsukses** op die gebied van:
    i. Onderrig en Leer: Stel ons studente in staat om die kennis en vaardighede te ontwikkel wat hulle nodig gaan hê as leiers van die toekoms, met volhoubaarheid as integrale deel hiervan.
    ii. Navorsing: Ondersteun navorsing wat gerig is op die bereiking van 'n beter begrip van volhoubaarheid, en benut ons kundigheid in die wetenskap, innovasie en tegnologie om meganismes te kry om die probleemareas betreffende volhoubaarheid aan te spreek.
    iii. Gemeenskapsinteraksie: Bevorder 'n kultuur van volhoubaarheid en lei in die gemeenskap deur ons voorbeeld en deur kennis, kundigheid, lesse geleer en beste praktyke beskikbaar te stel.
    iv. Bedryf, finansies en ekologie: Verbeter huidige bedryfsprosesse en prosedures met die oog op die vermindering van die Universiteit se ekologiese voetspoor; verbeter huidige finansiële prosesse en prosedures met die oog op die skep en handhawing van finansiële volhoubaarheid; skep 'n veilige en gesonde omgewing vir ons personeel en studente, en ontwikkel nuwe strategieë, prosesse en prosedures wat leemtes t.o.v. bedryfsprosesse en volhoubaarheid aanspreek. Dit is van toepassing op al die kampusse en sluit in die bewaring van hulpbronne, bv. deur waterbestuur, energiebestuur, die vermindering van afvalgenerering, eiendomsbestuur, ens.
    v. Studentelewe: Moedig ons studente aan om deel te neem aan volhoubaarheidsinisiatiewe en praktiese uitvoering aan volhoubaarheid te gee op die verskillende forums waar hulle betrokke is.
6. Ondersteun **geïntegreerde** volhoubaarheid sodat:
    i. Volhoubaarheid sinvol binne al die universiteit se kernfunksies en bedryfsprosesse geïntegreer word.

[1] **Report of the World Commission on Environment and Development: Our Common Future,** Transmitted to the General Assembly as an Annex to *document A/42/427* - Development and International Co-operation: Environment (http://www.un-documents.net/wced-ocf.htm)

ii. Beplanning en koördinering sistemies kan geskied, m.a.w. die fokus bly op die oorhoofse proses, ongeag wie of watter afdeling / departement vir die onderlinge aspekte verantwoordelik is.
iii. Die Universiteit se verbintenis met die dorp en gemeenskap en die interafhanklikheid tussen die partye, na waarde erken en bestuur kan word.
iv. Gedeelde verantwoordelikheid en eienaarskap vir volhoubaarheid aanvaar word, oorhoofs en met die spesifieke verantwoordelikheid vir aksies nodig in elke omgewing.

7. Ontwikkel en implementeer **gepaste meetinstrumente** om die strewe na volhoubaarheid te monitor en "beste praktyke" voordurend verder te verbeter. Dit sluit 'n gepaste Strategiese Bestuursaanwyser in wat al die Universiteit se kernfunksies omvat, sowel as bedryf, finansies en ekologie.
8. Doen op 'n gepaste en geïntegreerde wyse verslag oor volhoubaarheid volgens standaarde gestel deur onder meer die Wet op Hoër Onderwys, King III en die "Global Reporting Initiative (GRI)".
9. Ondersteun die gepaste bestuursgedrag t.o.v. volhoubaarheid, wat beginsels soos deursigtigheid en verantwoordbaarheid insluit.

E. UITVOERING

As uitvloeisel van die oorkoepelende Beleid vir Volhoubaarheid word 'n Oorhoofse Operasionaliseringsplan vir Volhoubaarheid geskep. Dit word vanuit die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies bestuur.

Die Beleid sal binne drie jaar hersien word aan die hand van ervaring opgedoen tydens die operasionalisering daarvan. In die hersiening sal onder meer aandag gegee word aan die inkorporering van die sosiaal-politieke magsdimensies wat opgesluit is in die konsep van volhoubaarheid.